

17 Maart

Skrifgedeelte: 2 Konings 1 (OAV)
Fokusgedeelte: 2 Konings 1:15-17

Gee ag op die HERE

Ahásia, koning van Israel, se lewe getuig van die absolute veragting van die HERE, die God van Israel. Sy lewenspatroon lewer die bewys. Nadat hy geval het, stuur hy na Baäl-Sebub 'n god van die Filistyne om dié te raadpleeg. Dié moet sê of hy gesond sal word.

Op pad keer Elia die gesantskap voor. Hy het 'n woord van die HERE aan die koning: Is daar dan geen God in Israel nie? Hy het ook die antwoord op die vraag van die koning: Hy sal sterwe! Sterwe! Sonder seun, so roei die HERE die koningshuis van Omri uit, volgens sy woord.

Ahásia het hiermee raad. Elia moet gehaal en gedood word. Dit is tipies die afgodsdienaars. Hulle reken as die profeet dood is, is dit wat hy gesê het saam met hom uit die weg. Die eerste 100 soldate word egter met vuur verteer. Daarmee staan dit vas dat Elia profeet van die HERE is. Sy Woord gaan nie verdwyn nie. Hy bevestig dit. Elia moet saam met die derde hoofman na die koning gaan. Die HERE beveel hom om dieselfde te sê. Die koning kan nie 'n ander woord afdwing nie. Hy mag dink dat hy die HERE op sy kan skuif, Hom mag ignoreer. Hy kan maak asof Hy nie bestaan nie. Feit is: Daar is 'n God in Israel, die HERE, die Verbondsgod. En sy Woord bly. Hy het gesterwe volgens die woord van die HERE, Joram het in sy plek koning geword, want hy het geen seun gehad nie.

God het Hom nie onbetuig gelaat nie. Hy het Homself aan ons bekend gemaak. Sy werke getuig van Hom. Sy Seun het Hom aan ons openbaar: sy toorn oor die sonde, sy eis om geregtigheid. Sy genade ... Die Woord het vlees geword, ons kan God ken. Die Heilige Gees is gestuur om ons te leer wat in Christus openbaar is: God met ons!

Wat sal ons dan hier en daar soek? Wat sal ons, ons teen Hom verhef? Sal ons die Woord ongedaan kan maak? Sal, as ons God opsy skuif, Hy daarom nie bestaan nie? Sal Hy op sy Woord omdraai, omdat ons 'n ander Woord verlang? Hy laat Hom nie verag nie! Hoor en buig voor Hom, nie met: Wat word van my? Nie, maar met: HERE, wat wil U hê moet ek doen?

Sing: Psalm 37:17, 18 (1936)

Ds PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)